**<u>Sondag 1/9</u>**

NASIONALE BIDDAG VIR DOWES

DANKOFFERSONDAG

**09:30 Erdiens / Kategese**

Deuroffer: Herberg Tehuis

Diensbeurt: De Baan

**<u>Sondag 8/9</u>**

TOERUSTINGSONDAG

**09:30 Erediens**

**Kategese Heidehof kuier Gr7-9**

Deuroffer: Durbanville kinderhuis

Diensbeurt: De Kuil

**<u>Sondag 15/9</u>**

LEPROSIEDAG (MELAATSE)

**09:30 Erediens**

**Kategese AFSLUITNG**

Deuroffer: Skoolverlaters

Diensbeurt: Diepgat

DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

# DANKOFFERSONDAG

ONS BELEEF BAIE SEËN EN WIL GRAAG SEËN UITGEE. ONS BENODIG ASB JULLE HULP. ENIGE KOSPRODUKTE KAN KERK TOE GEBRING WORD(DIT WORD TYDENS KOLLEKTE IN SPAR MANDJIES GESIT) OF DIT KAN BY KERKKANTOOR AFGEGEE WORD. BAIE DANKIE

# DOOPVIERING

**Handjies in klei**

**Sondag 15 September, direk na kerk, bied ons weer 'n geleentheid vir kinders om hulle handjies in klei af te druk teen R80/Teëltjie.**

**Skakel gerus die Kerkkantoor om jou plekkie te bespreek.**

**Gemeenskap beteken ....**

Die dinge wat ons gereeld doen vorm mettertyd die gemaklike dinge wat ek doen sonder om te ding.

Wanneer jy pas getroud is vat dit ‘n rukkie om jou maat se ritme raak te sien en dan te verstaan wat jou rol daarin kan wees. Ek onthou hoe my oupa en ouma se tee en koffie roetine gewerk het. My oupa was ‘n skrynwerker en het destyds in Roodepoort vir die staatsdiens kaste in hul kantore ingebou. Sy roetine was in die oggend voor ontbyt 2 koppies koffie, na ontbyt weer koffie (en bygesê hy moes 7:30 by die werk wees) 10:00 was teetyd en dan weer voor en na middagete koffie, 15:00 was weer tee en dan 17:00 koffie, en natuurlik na aandete ook koffie. Daarna kon my ouma so bietjie ontspan tot die laaste koffie voor slaaptyd. Die ritme is deur hul getroude lewe geleef by die werk,vakansies by ons en ook toe hy afgetree het.

Om die ritme aan te leer het van my ouma ‘n rolmodel gemaak vir my. Onbaatsugtig het sy gereed gestaan. Sy het dit mettertyd net gedoen sonder om eers te dink – hul ritme het amper kultuur in die huis geword.

Hier is die vraag dan nou: *Hoe kan ons mekaar se behoeftes so leer ken en onbaatsugtig daarin voldoen om God se hoop en liefde uit te deel? (nie ek alleen nie maar ons as gemeenskap)*

Die gemeenskapsvraag los ek by elkeen om self te beredeneer, ek kan wel wys na wat ek raaksien:

Die laaste paar weke sien ek en Willem op kerk,skool en gemeenskapsvlak al hoe meer mense wat mekaar net begin liefkry. Dit gebeur deur gebed en dade. Dit is ‘n groot voorreg om dan as gemeenskap raak te sien wat is jou buurman se sterkpunte en saam God te dien daarmee.

Dit is heerlik om van Badisa se kant af te hoor hoe hulle by Vroëkinderontwikkeling wil betrokke wees en dan ook van die Christelike Lektuurfonds ondersteuning te kry hierin (lees gerus hul traktate by die deure) Dit is goed om te sien hoe ons boere ‘n Herkouersdag bywoon en uitkyk vir hoe hulle mekaar kan help. Dit is goed om die skole te sien versorging van leerlinge doen en te weet ons het knap opvoeders op alle terreine. Ons as gemeenskap kan God dien – dit kan mettertyd ons natuurlike ingesteldheid word om ons diens aan God so te doen dat dit tot voordeel van die hele gemeenskap kan wees. In uitdagende tye is dit wonderlik om hierdie vooruitsig te oordink. En dalk te besef dit begin by die eerste koppie koffie in die oggend vroeg.

*Geseënde week vir elkeen, Dewald*




**Die ooreenkoms tot eenwording op 1 Maart 2025 is deur die Kerkrade goedgekeur. Die ooreenkoms is in die kerkkantoor beskikbaar vir bestudering. Die approbasietydperk sal tot 8 September 2024 duur.**

Die pad tot op datum:

Februarie 2022 – Dagbesture vergader gesamentlik oor groter samewerking tussen die twee gemeentes wat kan lei tot eenwording in die toekoms.

Augustus/September 2022 - Wes doen ondersoek oor hul kategese en die moontlike samesmelting van kategese met Moedergemeente.

Oktober 2022 - Wes se jeug skakel ten volle in by Moedergemeente se kategese.

Oktober 2023 - Dagbesture vergader gesamentlik oor die eenwording van die twee gemeentes. Die besluit word geneem om geleentheid te skep om oor die proses te bid.

November-Januarie 2023 – Ses gebedsgeleenthede voor Sondae se eredienste word afwisselend by die twee gemeentes gehou.

Februarie 2024 - Dagbesture vergader gesamentlik waar voorstel aan Kerkrade gemaak word om ondersoek in te stel oor eenwording.

Februarie 2024 - Kerkrade keur ondersoek goed.

Maart 2024 - ‘n Video-vergadering met die sinodale personeel oor die regsaspekte van die een wordingsproses word gehou.

Maart 2024 - Diensgroepe tree in gesprek oor voor- en nadele van eenwording.

April 2024 - Dagbesture vergader gesamentlik om die proses tot eenwording te bespreek en die diensgroepgesprekke se resultate te analiseer.

Junie 2024 – Twee gespreksgeleentehede vir gemeentelede word gehou.

Junie 2024 - Kerkrade besluit ten goede van eenwording.

Julie en Augustus 2024 - Die ooreenkoms word gesamentlik opgestel.

Augustus 2024 - Die ooreenkoms word deur beide Kerkrade goedgekeur.

**Preeknota's**: 1 September 2024

**Teks**: Markus 7:24-30

**Tema**: Bekommernis, Bid en Beplan gebeur in verhouding

Ons lees in die verhaal hoe Jesus alleen wou wees. Wanneer het jy nodig om alleen te wees?

Ons sien dan raak dat 'n heidense vrou Hom opsoek en Hy staan haar te woord.

Hoe dink jy praat Jesus met mense? (met deurnis/nederig/gesagvol....) Jou Godsbeeld is NB

**Drie** woorde is hier van toepassing: **Bekommernisse,bid,beplanning**. Dink na oor die volgorde van die woorde.

Gebeur dit soms dat jy eers beplan en dan bid ? Dit bring ons gewoonlik by punt van bekommernis.

Ander kere kan dit wees dat jy eers bid en dan bekommer en dan eers beplan. Dit doen ons soms deur ons verantwoordelikheid te probeer weggee na God toe – ek het mos nou gebid so ek hoef nie te bekommer nie en dan later doen ek eers ietsie (of selfs niks nie) die beplanning raak so bietjie vaag – God moet mos....

<u>Dalk is die beste volgorde soos die vrou dit uitwys:</u>

1. Sy was diep **bekommerd** oor haar dogter (raadop)
2. Sy gaan na Jesus – sy ken Hom nog nie maar sy begin met 'n verhouding – Jesus is altyd besig om ons te nooi na Hom. Ons kan die stap met **bid** vertaal (verhoudingsgesprek met God)
3. Daarna kom die **beplan** deel (die doen deel) al wat sy hoef te doen is om te kan getuig van Jesus se groot **onverdiende genade vir kinders in nood**. Sy kan huis toe gaan en God se krag beleef.

So 'n volgorde maak ons vry: ons kan soms **bekommerd** wees (Fil4:4-6 aanhaal)

Ons kan ALTYD na Jesus gaan in **gebed** (Matteus 11:28)

Ons kan getuig van Jesus se **beplanning en my doen deel** ( My genade is vir jou genoeg)

**<u>Huweliksviering wegbreek:</u>**

**13-15 September**

Daar is plek vir 10 paartjies by Andrew Murray Retraite Sentrum in Wellington.

Bespreek dis asap by Dewald of Nicolaas.

Elke paartjie gaan met eie vervoer. Etes is ingesluit in die prys.

Sondag oggend is dit elke man se kans om sy vrou vir 'n brunch iewers te neem - die sentrum gee net koffie en beskuit Sondae.

Ons arriveer van 16:00 Vrydag middag en vertrek na koffie en beskuit Sondag oggend.

Totale koste is R2700 (baie minder as 'n jagnaweek). Ons gaan ongelukkig nie vir die kinders verblyf kan kry die naweek nie - dit is dus 'n man en vrou alleen naweek. Hierdie is die eerste van die soort inbou in ons huwelikke wat die geleentheid bied om te sorg dat ons saam met mekaar ons Here dien. Kom geniet dit dus.






# Voorbidding

AP Erasmus (Sentrale)

Lohette de Wet (Freesia)

Riette Steyn (De Kuil)


James Smal (Diepgat)

Releen Swart ( Veldblom)

Kitty Louw (Fynbos)

Bennie Griessel (Upington)



Caledon se eerste kerkgebou is ingewy op 1 Januarie 1813 en het as sodanig diens gedoen tot 1876, toe Carl Otto Hager se kerkgebou ingewy is. Die gemeente het dit nog baie dekades as kerksaal gebruik, maar dit is later gesloop.



Caledon se vorige moederkerk, afgeneem in 1940. Dit is die beste bestaande rekord van Carl Otto Hager se kruiskerk van 1876 wat, net soos sy voorganger, gesloop is.



# Baie geluk

| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Marlize | Muller | 08/31 | 27845826522 |
| Proppie | Bothma | 09/02 | 27720212149 |
| Jean-Pierre | Swart | 09/02 | |
| Lu | Swart | 09/02 | 27842144801 |
| Jacqueline | Viola | 09/02 | 27715257280 |
| Michelle | De Wet | 09/03 | 27796625456 |
| Lourens | Moolman | 09/03 | 27726535051 |
| Bettie | Schutze | 09/03 | 27837485542 |
| Juzhel | Colyn | 09/04 | 27833289091 |
| Stephan | De Waal | 09/04 | 27847078722 |
| Lindie | Van Vlaan-deren | 09/04 | 27845826251 |
| Rita | Engelbrecht | 09/05 | 27648718665 |
| Lurea | Smit | 09/05 | 27794120958 |
| Meriska | Van Zyl | 09/05 | 27761160543 |
| Johan | Coetzee | 09/06 | 27765090707 |
| Gawie | Immelman | 09/06 | 27828969458 |
| Dolores | Prinsloo | 09/06 | 27828200901 |
| Xavier | Hugo | 09/07 | |
| Petro | De Witt | 09/08 | 27764553389 |
| Lat | Lategan | 09/08 | 27723428145 |
| PJ | Meintjies | 09/08 | |




Badisa Caledon


Badisa Caledon benodig ''n Selfoon of tablet waarmee hulle met hul kliënte in kontak kan bly. Enige persoon wat een het wat hulle wil skenk of kan borg sal hulle dit baie waardeer.

Baie dankie

LIEDBOEK VAN DIE KERK

Ons is op soek na ''n grootdruk Liedboek as enige persoon een het wat hulle nie meer gebruik nie.

Baie dankie




# Tyd spandering

## So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Kerkkantoor is oop vanaf :

Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM

Vrydae 7:00AM-1:00PM

Snap here to pay
SnapScan

Moet nie hierdie geleenthede mis nie!







